6.16 Visuele regstelling aan die US moet die akademiese projek dien en dus in kurrikulêre aktiwiteite ingeweef wees. Navorsingsmoontlikhede oor onderwerpe wat met visuele regstelling verband hou, moet ook ondersoek word met die oog daarop om navorsing by visuele regstelling in te weef.

6.17 Visueleregstellingsprosesse moet besondere uitdrukking aan die US se Taalbeleid en die taaldiversiteit van Suid-Afrika gee.

6.18 Die Beleid oor Visuele Regstelling moet die US se Beleid oor Universele Toegang in ag neem in die fokus op die vernuwing van die institusionele kultuur.

6.19 Daar word voorsien dat die hierdie beleid ’n tweeledige impak sal hê:

6.19.1 Voorsien vir die oorweging van veranderings ter wille van visuele regstelling, en verwante geleenthede en versoeke.

6.19.2 Inisieer veranderings ter wille van visuele regstelling en verwante geleenthede in alle US-omgewings.

6.20 Volledige prosedures vir naamgewing sowel as visuele regstelling moet ontwikkel, belyn en deur die Rektoraat goedgekeur word met die oog daarop om die beleid deur te voer.

6.21 Elke versoek of voorstel vir visuele regstelling moet op meriete beoordeel word, nie slegs op grond van ’n skenking (finansiële bydraes ingesluit) of omdat dit ’n besondere voorafbepaalde behoefte sal vervul nie. Besluite moet gerig word deur die beginsels waarop hierdie beleid berus, en met die US se waardes belyn wees.

6.22 Visuele regstelling kan plaasvind slegs as die prosedure ingevolge die beleid nagevolg is.

6.23 Alle aanvoring en prosesse rakende visuele regstelling moet ’n volledige konsultasieroete deurloop, wat uiteengesit moet word in prosedures wat na hierdie beleid verwys.

6.24 Die afhandelingsbevoegdheid vir visueleregstellings- en naamgewingsprosesse word aan die Rektoraat gedelegeer.

## 7. Geskilbeslegting

Geskille binne die bestek van hierdie beleid moet volgens die gewone lynbestuurskanale binne bestaande US-strukture besleg word. Indien ’n geskil nie bevredigend besleg kan word nie, moet die prosedures rakende die Ombud gevolg word.

## 8. Beleidsbeheer

### 8.1 Rolle

Die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel is die eienaar van die beleid. Die Registrateur en die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie is die institusionele funksionarisse (kurators) daarvan.

Die te gestigte US Komitee vir Visuele Regstelling, in samewerking met die Naamgewingskomitee, moet leiding neem met die deurvoering van die beleid en daaroor toesig hou. Die beleid ondersteun die rolle en funksies van drie omgewings, naamlik Sosiale Impak en Transformasie, die Registrateursafdeling en Fasiliteitsbestuur.

KONSEPDOKUMENT

